



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele Redes Nr. 31

**„GOD/DIE HERE HET AL HIERDIE
WOORDE GESPREEK”.**

**Die betekenis van die „Inleidingsformule”
van die dekalooq vir die Ou Testamentiese
Besondere Kanoniek**

F.N. Lion-Cachet.

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
1976

„GOD/DIE HERE HET AL HIERDIE WOORDE GESPREEK”

Die betekenis van die „Inleidingsformule” van die Dekaloog vir die Ou Testamentiese Besondere Kanoniek

Die vak Kanoniek is die teologiese studie wat hom in besonder besig hou met dié Boek as Boek¹⁾. A. Kuyper onderskei verder die Algemene Kanoniek wat te doen het met die Skrif in sy eenheid en die Besondere Kanoniek waarin meer op die Skrifte in hulle veelheid gekonsentreer word²⁾. Ons beperk ons tot die Besondere Kanoniek van die Ou Testament wat te doen het met die 39 boeke van die ou bedeling. Sonder om stil te staan by die verskillende omskrywinge van die taak van die Besondere Kanoniek wat ten onregte soms Inleiding genoem word³⁾, wil ek weer hier aansluit by Kuyper wat dit as volg stel: „Het probleem toch, dat aan dit vak ter oplossing wordt voorgelêd, is niet, om eens historisch, litterarisch en critisch alles over deze boeken te zeggen, wat daarover bijeen is te lezen; maar heel anders, om op wetenskaplijke wijze, voor zooverre de gegewens strekken, ons dier boeken als een canoniek geschrift te verklaren”⁴⁾.

Die studie behels die ondersoek na die menslike faktor wat die ontstaan, die samestelling en die geskiedenis van die dele van die boeke of boeke self, voordat dit finaal in die bundel boeke saamgevat is, raak; maar ook ’n ondersoek na die goddelike faktor om die aard van die inspirasie, die betekenis van die boeke as lid van die kanon en hulle gebruik vir die kerk en gelowige na te gaan⁵⁾.

As teologiese vak konsentreer alles rondom die gesagvolle Woord, die Kanonieke Woord. As voorbeeld van die erkenning van hierdie uitgangspunt in die wetenskapsbeoefening het ek die *inleidingsformule* van die Dekaloog gekies. Die inleidingswoorde stel dit heel pertinent dat dit DIE HERE/God is wat spreek en die Dekaloog is self sentraal in die openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. Deurdat die Dekaloog twekeer in die Skrif volledig aangehaal word is dit ’n ware doublet waarvan die twee dele met mekaar vergelykbaar is en die inleiding van die gedeelte in Deut. stel die plek en die tyd van die auctor primarius en auctor secundarius.

Die voorlopige betekenis van die inleidingswoorde van die Dekaloog in Ex. 20:1 en in Deut. 5:4, 5 is terstond duidelik. Die outeur word aangedui naamlik God of DIE HERE en verder die tyd; die tyd toe die volk by die berg Sinai/Horeb gewees het (Deut. 5:2, 22) en die plek: „op die berg” (Deut. 5:4). Die inhoud van „hierdie woorde” was dit wat gevolg het, naamlik die Tien Woorde (Ex. 34:28; Deut. 10:4) of soos ons dit gewoonlik noem, naamlik Dekaloog⁶⁾.

Die aanvaarding van hierdie eenvoudige betekenis rus ten diepste op gronde wat deur die kerklike belydenis, suiwer omskrywe is, vergelyk N.G.B

art. III-VI. Art. V lui as volg: „ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is; en dit nie juis omdat die kerk hulle aanneem en as sodanig beskou nie, maar insonderheid omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is; en ook omdat hulle bewys daarvan in hulleself het”. In die aanhaling uit die N.G.B. word die gronde genoem waaraan die Skrif sy gesag en aansien ontleen. Die kerk het die Skrif só erken en bely dat die gesag op die getuienis van Gods Gees in ons harte rus (Joh. 16:13). Hierdie kerklike erkenning en die getuienis van die Heilige Gees is nie los van die Woord self nie. Die kerk erken omdat die Woord homself so aanbied en die Heilige Gees getuig met die Woord in die hand⁷⁾. Die Woord getuig van homself en is so outopistos⁸⁾. Die verskillende boeke in die Woord is verskillende selfstandige getuies, wat, alhoewel hulle eeue van mekaar verwyder staan, tog hulle selfgeloofwaardigheid bevestig. Die wetenskaplike begin dus met 'n gegewe objektiewe waarheid.

Alle teoloë begin inderdaad met die Bybel as voorwerp van ondersoek maar baie onderwerp dit dan onbeskaamd aan letterkundig-, historiese-, vormhistoriese-, tradisiehistoriese-, en ander metodes, om dan tot die konklusie te kom dat die letterlike, die inhoudelike, die selfgetuienis wat helder daar staan nie die volle waarheid is nie. Dan word verklaar dat die woorde van die Dekaloog die eindresultaat is van 'n lang evolusionistiese wordingsgeskiedenis⁹⁾ of die produk van aanvulling of toevoegings tot ou tradisies¹⁰⁾.

Dit is nie God wat op Sinai gespreek het nie, maar die mense wat dit individueel of gesamenlik geformuleer het en om daaraan gesag te verleen dit later as die woorde van God laat opteken het. Dit konklusie is dan „there is no scientific way to conclude where and when the Decalogue was given”¹¹⁾.

Ons wil aan Weiser, e.a. die vraag stel: is die Woord dan nie self 'n getuienis wat as die subjek tot die geleerde spreek nie¹²⁾? Die Woord is eintlik die subjek wat tot die mens, die objek spreek. Die Woord is nie 'n pasiënt wat die dokter (die geleerde) klinies kan ondersoek en dan tot 'n ware konklusie kan kom wat lynreg teen die selfgetuienis van die pasiënt ingaan nie. Die Woord is 'n getuie wat die waarheid oor die veroordeelde mens kom uitspreek. Met hierdie uitgangspunt word die wetenskaplike arbeid op die terrein van die Besondere Kanoniek van die Ou Testament nie tot swye gebring nie, maar die roeping word des te groter om met inagneming van die besondere gesagvolle karakter van die Woord ook te worstel met die resultate wat ander metodes lewer. Ons moet ook vrae stel maar doen dit in groot beskeidenheid. Daar is immers 'n verskil of jy 'n president of 'n spioen ondervra. Die geskiedenis het ook al geleer dat 'n spioen wat in die hande van die vyand val, gedwing is, om nie alleen sy geheim te openbaar nie, maar ook om te sê wat hy nie wou sê nie. Hy sal selfs skuld erken al het hy geen skuld gehad nie.

Met beskeidenheid wil ons dus vra: wat staan in Ex. 20:1 en in Deut. 5:4, 5?

Het ons verstaan wat ons gelees het?

In antwoord op die vraag wil ons die erkende metodes wat aan dié wetenskap eie is, toepas en dan met die volle erkenning van die openbarings-historiese getuienis van die Woord self.

Eerstens moet op die teks gelet word. Die LXX, Targum en Vulgaat het in Ex. 20:1 DIE HERE in plaas van God¹³. Die M.T. lesing word egter ondersteun deur die Samaritaanse Pentateug en die Dekaloog fragment uit die Qumran vondste¹⁴). Dat die LXX con sui aan DIE HERE gedink het, kan verklaar word uit die feit dat: „en DIE HERE het gespreek en gesê”, gewoonlik in Ex. tot Num. voorkom terwyl „God” hier uitsonderlik is¹⁵). Die moeiliker onverwagte lesing is gewoonlik die regte lesing.

Die M.T. van Deut. 5:4 en 5 boesem dieselfde vertrouwe in. Die Samaritaanse Pentateug, LXX en die Siriese vertaling het 'n addisionele „en”, maar dit sal aan die betekenis van die sin geen verandering aanbring nie¹⁶). Die Samaritaanse Pentateug, LXX, die Siriese vertaling en die Vulgaat het verder die meervoudsvorm „woorde” in plaas van woord. Omdat die meervoudsvorm dikwels voorkom (Ex. 34:28, Deut. 4:13, vgl. ook Ex. 24:4, 8) toon dat die afwyking heelwaarskynlik die regte is.

Die vertaling van tekste behoort verder gemaklik te geskied omdat hier geen moeilike sinkonstruksie te vinde is nie¹⁷). 'n Redelike vertaling is as volg: Ex. 20:1 „En God het al hierdie woorde gespreek”: en Deut. 5:4, 5 „Van aangesig tot aangesig het DIE HERE op die berg uit die vuur met julle gespreek, terwyl ek in die tyd tussen DIE HERE en julle gestaan het om aan julle die Woord van DIE HERE bekend te maak, want julle was bang vir die vuur. Hy het gesê:”¹⁸).

'n Literêre beoordeling van die twee tekste gee die volgende resultate: Die Godsname verskil. Die konstruksie waarin die werkwoorde geplaas is, verskil. Die teks uit Ex. beklemtoon „al hierdie woorde” terwyl Deut. „die Woord van DIE HERE” absoluut gebruik¹⁹). Die styl verskil kom nog duideliker na vore, as gelet word op dit wat die Deut. teks meer het: Die wyse van mededeling word genoem „van aangesig tot aangesig”; die plek „op die berg uit die vuur”; die plek wat Moses ingeneem het „terwyl ek in dié tyd tussen DIE HERE en julle gestaan het om die Woord van DIE HERE bekend te maak” en dit word gemotiveer „want julle was bang vir die vuur...”. Deuteronomium spreek met 'n tipies aanmoedigende en subjektief vaderlike stem terwyl die inleiding in Exodus byna koud en formeel is.

Wat kan uit bogenoemde stylverskil afgelei word? Hier moet in gedagte gehou word dat dit nie net die twee tekste is wat verskil nie, maar die boeke waarin hulle voorkom naamlik Gen. tot Num. aan die een kant teenoor Deuteronomium aan die ander kant²⁰). Die grootste groep geleerdes antwoord dat hierdie stylverskil verskillende skrywers of bronne, strata of tra-

disies aandui²¹). Daarteenoor is daar 'n klein groepie wat beweer dat dit een skrywer is wat verskillende stylsoorte gebruik en dít is afhanklik van die lewensomstandighede (of die skrywer 80 jaar of 120 jaar oud is), uitwendige omstandighede (of hy by Sinai aan die begin van sy onderneming staan en of hy in die vlaktes van Moab sy afskeidsrede hou) en die hele doel en opset van sy skrywe. Albei groepe het hier 'n waarheid beet. Dit waarsku dat nie te gou, te veel uit hierdie verskille afgelei mag word nie.

So het geleerdes verkeerdelik, heel spekulatief, nie alleen die stukke aan bepaalde skrywers (kringe) toegeken nie, maar ook probeer bepaal watter funksie 'n stuk in die lewe van die volk sou hê (Sitz in Leben des Volkes) om daaruit die tyd en omstandighede waaronder die stuk geskrywe is, af te lei. Dan word bepaal dat Ex. 20:1-17 ontstaan het in die kring van die „Elohis” in ongeveer die agste eeu v.C. in die 10 stammeryk en dat die Dekaloog in Deuteronomium in die skool van Deuteronomium in die sewende eeu v.C. in Juda sy vorm gevind het²²). Siedaar die presiese omstandighede, plek en tyd! Die selfstandige getuïenis van die Skrif self word nie in ag geneem nie.

Vandag word egter geredeneer dat dele soos die Dekaloog ouer kon wees en later in die bepaalde boeke ingekorporeer is²³). Die inleiding of inleidingsformule is dan 'n blote skakel om die stof of norme op die rekening van groot figure in die verlede te plaas sonder om die waarheid daarvan te bevestig²⁴).

Die volgende vraag is dan: Is hierdie *inleidingsformule* 'n blote vorm wat geen waarheid meedeel nie en alleen gebruik word om 'n los fragment (die Dekaloog) in die boek in te skakel? of om dit sagter en meer aanvaarbaar te stel: Is hierdie formule nie te vergelyk met dergelyke formules by die profete nie? Daar word „so sê DIE HERE” 'n formule om die gesagvolle woord aan te kondig, sonder dat dit hoef aan te dui dat DIE HERE elke keer die profeet toegespreek het²⁵).

Die sinsnede „en God/DIE HERE het gespreek” kom 102 keer in die Pentateug voor. As daar verder 'n indringende vergelyking gemaak word, bevestig dit die vermoede dat bogenoemde sinsnede 'n stereotipe wyse is waarop wettiese bepalinge ingelui is²⁶). Dit beteken egter nie dat dit 'n blote formule is wat die priesters gebruik het om die gesag van die wet aan te dui nie. In hierdie formules is daar allerlei gegewens wat heenwys na 'n bepaalde historiese situasie, byvoorbeeld DIE HERE het met Moses gespreek uit die tent van samekoms (Lev. 1:1); by die berg Sinai (Lev. 25:1); in die woestyn Sinai (Num. 3:14; 9:1) in die vlaktes van Moab (Num. 33:50; 35:1). In Num. 7:89 is 'n hele omskrywing „en as Moses in die tent van samekoms gegaan het om met Hom te spreek, het hy die stem met hom hoor spreek van die versoendeksel af wat op die ark van die getuïenis is, tussen die twee gerubs uit. So het Hy dan met hom gespreek” (vergeelyk ook Num. 11:25). In Lev. 16:1 word die tydsbepaling aangedui „En DIE

HERE het met Moses gesprek na die dood van die twee seuns van Aäron ...” (vergelyk ook Num. 1:1). (Hier word plek en tyd aangedui soos dit ook in Deut. 5:4 en 5 gebeur en ook in die verband waarin Ex. 20 geplaas is).

Uit bogenoemde kan gekonkludeer word dat daar wel ’n vaste inleidingsformule gebruik was by die bepalinge in Ex. tot Num., maar dat dit nie die historiese realiteit van ’n direkte toespraak van DIE HERE uitsluit nie. Waarom moet met ’n vroom leuen gewerk word as valse getuienis juis in die Dekaloog verbied word (Ex. 20:16)?

Die inleidingsformule van Exodus 20 het egter belangrike afwykings van die gewone woordeskat en konstruksie wat in Ex. tot Num. voorkom. Die naam God kom alleen hier in sodanige formule voor²⁷⁾ en dit is die enigste keer dat daar geen direkte objek aangedui word nie²⁸⁾. Die inleidingsin beklemtoon dus op unieke en sonderlike wyse die belangrikheid van die Dekaloog deur die Goddelike (Skeppers) gesag en die absolute gerigtheid te onderstreep.

’n Nadere literêre — en eksegetiese studie van Deut. 5:4, 5 bring nog meer positiewe resultate.

Sinne waarin „God/DIE HERE het gesprek” voorkom beloop 59 keer, maar dit het gewoonweg betrekking op ’n historiese gebeurtenis of ’n vermaning. Die inleiding van die Dekaloog in Deut. is geen formule nie, maar die blote vermelding van ’n historiese gebeurtenis²⁹⁾. Wat hier van groot belang is, is die besondere plek wat Moses self beklee het. Hy is die instrument deur wie DIE HERE sy woord gegee het. Letterlik staan daar op ander Skrifplekke „deur die hand van Moses” (Ex. 9:35³⁰⁾; Lev. 10:11). Moses is op besondere wyse geïnspireer om die Woord van DIE HERE oor te bring (Ex. 19:9; II Petrus 1:21). Die vraag kan nou gevra word of Moses letterlik meganies elke woord wat DIE HERE gesprek het onverander oorgelewer het of nie. Was die inspirasie meganies en/of organies³¹⁾. DIE HERE hoef selfs nie altyd in woorde te spreek nie. In Gen. 24:51 het Hy deur ’n daad gesprek en so ook meermale in die openbaringsgeskiedenis.

Om die vraag te beantwoord of Moses op geïnspireerde wyse bygevoeg het of nie, let ons eers op die betekenis van woorde: woorde/woord van DIE HERE en tweedens of die Dekaloog soos ons dit opgeteken vind in Ex. en Deut. ooreengekom het met die oorspronklike woorde van God op die berg.

Eerstens is die etimologie van die stam d — b — r „woord” nog nie vasstaande nie³²⁾. Die gewone werkwoord vorm (pi.) dui in die algemene taalgebruik die aksie aan waarin gedagtes in woorde en sinne hoorbaar verklank word en dien as kommunikasie-middel tussen mense of tussen God en mense aan. Die selfstandige naamwoord „woord” of veral „woord van God/DIE HERE” (242 x in die Ou Testament) speel ’n besondere gewigtige rol — veral as aanduiding van die profetiese gesagvolle woord³³⁾. Die woord van God/DIE HERE is die woorde, skriftelik of mondeling wat in der waarheid ooreenkom met die gedagte, die betekenis wat DIE HERE/God self — daar-

aan heg. Die „woord” of „woorde” dui ook die onderrig of wettiese instellinge aan wat gesagvol geld vir die volk, groot of klein³⁴⁾. Die klem val dus op die gesagvolheid en die geldigheid van die woord³⁵⁾.

In hoeverre kan ons tweedens kontroleer of die skriftelik opgetekende woorde in die Dekalooq ooreenkom met die Goddelik gesproke woord op die berg? Daar bestaan geen bandopname van die gesproke woord op die berg nie, maar ons het tweërly weergawe van die woorde in Ex. 20:2-17 en Deut. 5:6-21 (18). 'n Vergelyking tussen die twee dui die verskille aan. Stamm het 20 verskille aangedui³⁶⁾ waarvan almal nie tekskrities verklaar kan word nie, byvoorbeeld die bekende verskil in motivering van die vierde gebod. Hier dui dit op 'n waarheid wat welbewus onder die aandag gebring is. Aalders meen dat die verskil toe geskrywe kan word aan menigvuldige herhaling³⁷⁾ en Ridderbos stel dat Moses in die Moabvlakte van meer vryheid gebruik het³⁸⁾. Een ding is seker dat Ex. of Deut. of albei nie probeer het om die eie woorde van God weer te gee nie³⁹⁾. Nogtans word plegtig vermeld dat God/DIE HERE die woord/e gespreek het.

Weereens moet gemeld word dat dit nie net in die Dekalooq is waarin daar verskille is tussen die wette in Exodus tot Numeri aan die een kant en Deuteronomium aan die ander kant nie. Vergelyk hier die sentralisasieprobleem (Ex. 20:24 en Deut. 12:14)⁴⁰⁾; die vraag oor wie eintlik die priesteramp vul (Ex. 28:1 en Deut. 18:1); die lengte van die loofhuttefees (Lev. 23:36 en Deut. 16:13)⁴¹⁾; ens., terwyl die wette met Goddelike gesag gegee is (Ex. 20:22; 25:1⁴²⁾; Lev. 23:33; Deut. 13:18 (M.T. 13:19)).

In Deuteronomium meld Moses dat hy wette gegee het (Deut. 11:32; 31:9; 4:1; 8:1; 12:28, 32) en dit herformuleer met 'n ander skopus en tog bly dit gesagvolle Woord van DIE HERE⁴³⁾. In die lig hiervan word gewoonlik aanvaar dat Moses ook in die Dekalooq anders geformuleer het.

Is Ex. 20:1-17 dan die oorspronklike? Baie meen so⁴⁴⁾. Dit kan nie absoluut gekontroleer word nie. Na analogie van veranderinge in Deut. 5 kan dit net sowel ook die geval gewees het in Ex. 20. Vanuit stilistiese oogpunt besien, kon die Dekalooq korter (byvoorbeeld sonder motivering) gewees het. So kon alles in die vorm waarin die 6de tot 9de gebooie gegee is, gewees het. Dit is verder opmerklik dat in die eerste twee gebooie God self aan die woord is, terwyl vanaf die 3de gebod van DIE HERE in die derde persoon gespreek word. In aansluiting hierby kan opgemerk word dat as in die Ou Testament van die Sinai – verbond gepraat word, dit byna sonder uitsondering die eerste twee gebooie bedoel. As aanvulling tot die boeke in groter of kleiner mate aanvaar kan word, waarom dan nie hier nie⁴⁵⁾? Die Mosaïse skrywers outoriteit is vir die hele Exodus nie eksplisiet genoem nie⁴⁶⁾. Dit lyk asof die skaal in die rigting beweeg dat Ex. 20 net soos Deut. 5 goddelik geïnspireerde en gewilde aanvullings kon bevat. Sou die Dordtse Kerk Orde van 1618/1619 hier as voorbeeld kon dien? Na baie veranderinge is die Kerk Orde in 1974 in Suid-Afrika in wese nog dieselfde Kerk Orde deur die hand-

hawing van die presbiteriale kerkregeringstelsel. Aan die ander kant kan 'n historiese kontrole as uitgangspunt geneem word. Ex. 20:1-17 is nie geïsoleer van die historiese gebeurtenisse wat in Ex. 19-24 beskryf word nie. Die waw konsekatief by die imperfektum j^edabber (die „en” voor die „gespreek”, in Afrikaans vertaal met „toe”) dui die gebeurtenis aan wat chronologies op die voorgaande volg (Ges./Kautzsch S 111 p) en is nie bloot 'n losstaande imperfek konsekatief soos wajhi aan die begin van 'n vertelling of nuwe afdeling nie. Uit die verband blyk dit dat wat God gesê het, deur die volk gehoor is, en dat dit later gekontroleer kon word. God het ook die woorde op twee tafels geskrywe of laat skrywe (Ex. 32:15, 16; 34:1, 4) en dit is in die ark geplaas. Die Tien Woorde in Exodus is dan verifieerbaar. Die konserwatiewe priesterkorps kon die Godgegewe Woorde bewaar. Maar wat hier gestel word geld die Deut.-teks net so wel. Daar is verder so 'n groot ooreenkoms tussen Ex. 20 en Deut. 5, wat die idee dat die vorm van die Dekaloog al baie oud is, bevestig. Daar kan dus nie nader gekom word aan 'n oorspronklike woord nie. Die teks in Ex. en Deut. kon aan veranderinge onderhewig gewees het. Die woorde in hulle verandering is egter Woord van God.

Bogenoemde resultaat stel ook 'n vraagteken agter die waarde van moontlike kortere formuleringe waarvan daar tientalle is sonder dat een ooit naby 'n algemeen aanvaarbare teks gekom het⁴⁷⁾.

Die besondere Kanoniek het per slot van sake te doen met die eindresultaat of dit na aan die eo verbi van God is en of dit deur geïnspireerde mense (II Petr. 1:21) aangevul is. Om die goddelike idee te verstaan, dié bedoeling van die auctor primarius, moet die voltooide geskrif, na alle redaksionele arbeid, aanvaar word en sou 'n hipotetiese rekonstruksie sekerlik onwetenskaplike vertrekpunt wees.

Ons wil nie volledig ingaan op die tyd van die afsluiting van die sogenaamde *Dekaloog-geskiedenis* nie. Vir 'n mooi oorsig van verskillende beskouinge kan die werk van J.J. Stamm nageslaan word⁴⁸⁾. Dit is egter verblydend om te merk dat die gedagtes van die meer kritiese ingestelde wetenskap steeds na 'n tyd beweeg wat nader aan Moses lê. Hierdie oortuiging is ongelukkig nie gegrond op terugkeer na die getuienis van die Skrif nie maar uit die aanvaarding dat die tye van Moses tog nie so primitief was soos wat aanvanklik veronderstel is nie. Die groot stimulus het gekom van die kant van die studies van die oud-oosterse vasalverdrae wat veral geïnspireer was deur die werk van G. Mendenhall⁴⁹⁾. Nuwe resultate mag verkry word uit die verbinding wat Weinfeld probeer lê tussen die verbonde in die Ou Testament en die sogenaamde grensstene⁵⁰⁾. 'n Vergelyking met die Egiptiese Wysheidsliteratuur beklemtoon ook die hoë ouderdom van die Dekaloog⁵¹⁾.

Volgens die gegewe getuienis in die Skrif is die ontstaan en die eintlike outeur baie duidelik aan te wys. Die afsluiting van die *Dekaloog-geskiedenis*

hang nou saam met die afsluiting van die Pentateug. Aalders stel die Pentateug-afsluiting in die beginjare van die konings (Saul en begin van Dawid). Harrison meen dit was in die tyd van Josua en Nic. H. Ridderbos noem dat die wette reeds vroeg 'n beslag gekry het want dit is opmerklik dat daar so weinig van die konings in gesê word⁵²). Die eintlike antwoord bly steeds soek en ons moet eindig met 'n non liquet.

Om die betekenis van die inleidingsformule van die Dekaloog vir die Besondere Kanoniek van die Ou Testament saam te vat, die volgende:

(1) Die teoloog het eerstens te doen met 'n objektiewe en vaste woord. Die Skrif self, die kanoniek en openbarings-historiese getuienis ten opsigte van die skrywer en die omstandighede waaronder sekere gedeeltes ontstaan het, mag nie geïgnoreer word nie. Hierdie uitgangspunt wil geensins te kort doen aan die wetenskaplike arbeid wat normaalweg vereis word nie. Daar moet inderdaad kennis geneem word van alle metodes, maar dat hierdie metodes steeds as sekondêre metodes aangeteken staan en nooit die inhoudelike boodskap van die Skrif sal oorheers of tot 'n vroom bedrog (pia fraus) verklaar nie. Dit sal in sekere gevalle inhou dat die oplossing nie altyd ewe duidelik aangebied sal word nie, maar liever 'n non liquet⁵³) aan die einde as 'n hipotese wat elke dag kan verander en 'n gevaarlike kunsmatige stylerwerk kan word om 'n teologie op te bou. As voorbeeld kan hier genoem word dat die beginsels van die bronne-hipotese ten opsigte van die Pentateug in mindere of meerdere mate vandag deur die meeste teoloë onderskrywe word⁵⁴), en dat die invloed van hierdie teorieë deurwerk tot in die dogmatiek, die prediking en die lewe en deurwerk tot dwalinge wat vandag in die Teologie gemerk word. Hier wil ek my van harte vereenselwig met Harrison wat pleit dat ons tog nie weer nuwe hipoteses moet kry nie, maar vastigheid. Dit is wat God deur sy diensknegte gesê het.

(2) Dit is verder die teoloog se roeping om nie vas te kleef aan tradisionele verklarings nie. Daar is te veel oogklappe aangesit asof die resultate van die moderne metodes nooit iets te sê het vir die teologiese bestudering in die Ou Testamentiese Besondere Kanoniek nie. Sellin/Fohrer het die beswaar aangeteken teen die konserwatiewe skool dat hulle nie antwoord op die vraagstukke wat geopenbaar word in die studie nie⁵⁶). Te veel word die probleme wat daar is toegesmeer en eerlike ondersoek en beredeneer nie. Die betekenis van die verskille tussen die weergawes van die Dekaloog in Exodus en Deuteronomium het inderdaad betekenis vir die Besondere Kanoniek en dit moet enduit beredeneer word. Dit kom daarop neer dat die uiterste vermy moet word. Soos Harrison ten opsigte van die outeurskap van Moses opgemerk het: „avoid the emotional overtones that have become attached to the words 'Moses' and 'Mosaic' since the advent of the literary criticism, and which have resulted in such extreme positions as the denial of the very existence of Moses on the one hand, or the attributing to him of every word and syllable of the Pentateuch on the other”⁵⁷). Dat God met

Moses gesprek het op die berg Sinai impliseer nie dat hy alles self deur inspraak ontvang het nie.

(3) Die ooraksentuering van die wordingsgeskiedenis, die opsporing van die verskillende stadia in die aanvullingsproses kan 'n sentrumvlietende effek vertoon. Dit wat DIE HERE gesê het, direk en indirek deur toespraak en inspraak, kan ten slotte nie meer op 'n bevredigende wyse uitmekaar gehaal word nie. Voor ons lê die geïnspireerde eindproduk en die goddelike idee het in hierdie eindstadium sy vorm gevind. Die kennis wat DIE HERE aan ons wou meedeel is nie geleë in duistere bronne wat op fiktiewe wyse gerekonstrueer moet word nie, dit lê ook nie in die fragmente wat later bygevoeg is nie, maar in die eindproduk, die geslote kanon wat ons voor ons in die hande het. Die positiewe studie van die struktuur van die voltooide kanon is een van die hoofake van die Besondere Kanoniek.

(4) Ek beskou dat dit my roeping is om op die wyse voort te bou in die Besondere Kanoniek van die Ou Testament omdat die geweldige vloed van oorsese geleerdes so krities staan teenoor die gesagvolle Woord, en ons in Suid-Afrika nie met vertroue hulle resultate kan oorneem nie. Daar moet egter so voortgebou word dat dit 'n antwoord kan wees op die probleme sonder om 'n volstruispolitiek te volg. Ons meen om ook in hierdie wetenskapsbeoefening 'n klein deeltjie by te dra en om te luister na dit wat DIE HERE/God gesê het, en wat van betekenis is vir ons kerk, ons land en ons volk.

Aan Hom die eer!

VERWYSINGS

1. AALDERS, G.Ch. 1952. Oud-Testamentiese Kanoniek. Kampen, Kok. p. 6. Vergelyk ook KUYPER, A. 1909. Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. Kampen, Kok. 3:p. 20 e.v.

2. KUYPER, op. cit., p. 27.

3. Die meeste geleerdes gebruik hierdie neutrale naam. Dit dateer vanaf Adrianus in die vyfde eeu A.D. as Isagogiek en is vertaal as Introductio, Introduction, Einleitung. Die naam word ook deur die meer konserwatiewe geleerdes gebruik. So YOUNG, E.J. 1969. An introduction to the Old Testament. Grand Rapids, Eerdmans; HARRISON, R.K. 1970. Introduction to the Old Testament. London. Tyndale; ARCHER, G. 1968. A survey of Old Testament Introduction. Chicago, Moody Press; en selfs bepleit deur VAN ZYL, A.H. 1971. Gods Woord in mensetaal, Pretoria, N.G. Kerkboekhandel, 1:p. 2-5. Die naam Kanoniek beklemtoon die Goddelike gesag en is wyer as die naam Inleiding, vergelyk KUYPER, op. cit., p. 22 e.v.

4. KUYPER, A. 1909. Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. Kampen, Kok. 3:43.

5. KUYPER, op. cit., p. 56 e.v.

6. Vergelyk GISPEN, W.H. 1939. Het boek Exodus; korte verklaring der Heilige schrift met nieuwe vertaling. Kampen, Kok; KEIL, K.F. & DELITZSCH, F. 1861. Genesis und Exodus. (Biblischer Commentar über die Bücher Mose's, bd. 1. Leipzig, Dörffling und Francke.) het 'n uitvoerige bespreking van die moontlikheid of die woorde deur bemiddeling van die engele (vgl. Hand. 7:53) ontvang is, maar is uiteindelik ten gunste daarvan dat dit alleen dui op „Engel van DIE HERE”. RIDDERBOS, J. 1950. Het boek „Deuteronomium”. Kampen, Kok. dui aan dat Deut. die uitdrukking „Van aangezicht tot aangezicht” verstaan moet word as „dat die Here met hoorbare stem tot het volk spreek” en dat selfs die bemiddeling van Moses (v. 5) in ruimer sin opgevat kan word alhoewel bemiddeling nie onmoontlik was nie.

7. Die kerk rus op die Woord en nie andersom nie. Dit neem egter nie weg nie, dat die kerk se sekondêre getuienis ook 'n groot waarde het. (Vergelyk BAVINCK, H. 1918. Gereformeerde Dogmatiek. Kampen, Kok, 1:p. 481). Die getuienis van die Heilige Gees is geen mistieke openbaring aan ons, of 'n ervaringsbewys of 'n objektiewe getuienis van die Gees deur die Skrif nie maar dit is „die werking van den Heiligen Geest, waardoor de oogen van ons verstand geopend worden voor de majesteit van Gods Woord en waardoor tevens dit Woord in ons ontsloten hart bezegeld wordt”. (POLMAN, A.D.R. s.j. Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis, Franeker, Wever. 1:p. 222-226). Die werk van die Gees is nooit los van die Woord nie.

8. „De Schrift bewijst zichzelf, straalt haar goddelijkheid uit en handhaaft door inhoud en vorm, kracht en werking haar goddelijke oorsprong (autopistie der Schrift),” POLMAN, *ibid*, p. 227. Vergelyk ook BAVINCK, op. cit., p. 484 en HONIG, A.C. 1938. Handboek van de Gereformeerde Dogmatiek, Kampen, Kok. p. 118.

9. WELLHAUSEN, J. 1905. Prolegomena zur Geschichte Israels. p. 342. Vgl. ook HARRISON, R.R. 1970. Introduction to the Old Testament, London, Tyndale, p. 507: „Wellhausen exhibited that remarkable characteristic of the German mind which consists in the ability to arrive at definitive conclusions on the basis of only part of the total evidence”.

10. WEISER, A. 1966. Einleitung in das Alte Testament. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht. p. 112. „Da die gegenwärtige Form des Dekalogs

erst das Ergebnis einer längeren Traditionsgeschichte ist, kann die Frage nach dem mosaischen Ursprung heute nur noch in der Form Sinn haben, ob die einzelnen Forderungen des Zehngebots in den Verhältnissen der Mosezeit möglich sind". Vergelyk verder: NOTH, M. 1959. Das zweite Buch Mose: Exodus. (Das Alte Testament Deutsch, bd. 5. Gottingen, Vandenhoeck & Ruprecht. p. 129-130).

11. WEISER, op. cit., p. 112 e.v., „Denn einwissenschaftlicher Beweis, dass der Dekalog von Mose herrühren *must* lässt sich mit den gegenwärtigen Erkenntnismitteln nicht führen”.

12. Fuchs het die waarheidsmoment mooi gedefinieer: Hy sê dat dit nie die Bybel is wat ontmitologiseer moet word nie, maar die mens „Who thinks either too highly or too lowly of himself”. Vergelyk ROBINSON, J.M. 1964 The new hermeneutic. New York, Evanston and London. p. 53 (New frontiers in theology, v.2).

13. BIBLIA Hebraica, 1949, adjuvantibus W. Baumgartner, G. Beer, J. Begrich (et al.) Ed. Rud. Kittel. Stuttgart, Privilegierte Württembergische Bibelanstalt.

14. Stamm verwys hier na BARTHELEMY, D. and MILIK, J.T. 1955. Qumran Cave I, Oxford, Clarendon Press, waar die inleiding as volg vertaal is: „And God spoke all these words, saying”. (STAMM, J.J. 1962. Der Dekalog in Lichte der neueren Forschung. Bern und Stuttgart, Haupt. p. 7 en STAMM, J.J. and ANDREWS, M.E. 1967. The ten commandments in new research; studies in biblical theology. London. p. 13).

Die Papyrus Nash bevat die teks van die Dekaloog soos uit Exodus en Deuteronomium saamgestel, maar die inleidende sin word vermis. Vergelyk WURTHWEIN, E. 1963. Der Text des Alter Testaments, Stuttgart, Württ, Bibelanstalt. p. 122-123).

15. Uit die 102 keer waar die uitdrukking gebruik word is Elohim alleen in Gen. 8:15; 17:3; Ex. 6:1 (M.T. 6:2) en Ex. 20:1, die subjek.

16. Die LXX het kago. Gewoonlik lei die waw 'n omstandighedsin in en dit is hier te wagte. Aan die ander kant is 'n asindetiese verbinding nie ongevoel nie. Vergelyk KAUTZSCH, E.F., COWLEY, A.F. & GESENIUS, F.H.W. Hebrew Syntax. Edinburg. par. 137-140. GEMSER, B. 1953. Hebreuse spraakkuns. Pretoria, Van Schaik. par. 307.

17. KAUTZSCH, COWLEY en GESENIUS, op. cit., p. 114.

18. Hier is lemor inderdaad geen pleonasme nie. Letterlik staan daar net „seggende” soos die King James Version dit vertaal het (nl. „saying”). Die Afrikaanse Vertaling (en Hy het gesê); Die Nieuwe Nederlandsche Vertaling („en Hij Zeide”) en die „deutschen Übersetzung” („und er sprach”) vertaal vryer en plaas ’n voegwoord by. Om literêre redes, naamlik om; korter sin te verkry lyk bogenoemde meer korrek. So kom dit ook by die Revised Standard Version voor.

19. In Deut. word die objek immakem genoem terwyl dit weer in Ex. ge- laat word en sodoende die sin hier heeltemal absoluut stel.

20. Die onderskeid in Godsname en styl is van die eerste en belangrikste kriteria waarop die Pentateug kritiek gebou het. Vergelyk SELLIN, E. & FOHRER, G. 1965. Einleitung in das Alte Testament. Heidelberg, Quelle & Mayer, par. 17 en 18. EISFELDT, O. 1964. Einleitung in das Alte Testa- ment. Tübingen, Mohr. par. 23.2; AALDERS, G.Ch. 1952. Oud-Testamen- tische kanoniek. Kampen, Kok. p. 2 en 3; p. 72 e.v. en p. 83 e.v.

21. SELLIN, E. & FOHRER, G. Einleitung in das Alte Testament. Hei- delberg, Quelle & Mayer. par. 17, 2f en 3. EISSFELDT, op. cit., par. 23.7: „Hat sich also, aufs Ganze gesehen, die in der Siglenkomposition JEDP zum Ausdruck kommende neuere Urkundenhypothese seit den 70 er Jahren des vorigen Jahrhunderts mehr und mehr durchgesetzt, so hat es doch auch nicht an ernstlichen Widerspruch gegen sie und an Versuchen, sie durch eine andere Theorie zu ersetzen gefehlt”. Eissfeldt vervolg dan dat Möller, Jacob, Cassuto, Aalders en Young – die eenheid en ook die Mosaise afkoms beklemtoon. „obwohl im einzelnen gute and richtige Beobachtungen ent- hallend, als ernsthafte Beiträge zur Lösung des Pentateuchproblems kaum in Betracht kommen” (p. 220).

22. Vgl. SELLIN and FOHRER, op. cit., par. 17, 2e (p. 119). Hy gee ook die opinies aan van ander wat bv. E ongeveer 1200 en D tussen 700 tot 650 v.C. dateer.

23. STAMM, J.J. 1962. Der Dekalog in Liechte der neueren Forschung. Bern und Stuttgart, Haupt. „In der Zeit von etwa 1880 bis 1910 waren die massgebenden kritischen Forscher überzeugt, dass die moaische Verfasser- schaft unmöglich und der Dekalog spät sei, das heisst mindestens von der ethischen Forderung der grossen Propheten abhängig” p. 14.

24. WEINFELD, M. 1972. Deuteronomy and the Deuteronomistic School. Oxford, Clarendon Press. Hy stel dat die skrywers wat Deut. die vroeër pro- fete en prosa in Jes. geskrywe het „Put into the mouths of such national

leaders as Moses, Joshua, Samuel, David, Solomon, in addition to the priestly (Deut. 20) and prophetic personages (in Kings and Jeremiah), that which conformed with their own ideology". p. 52. „The orations as they have come down to us in *Deuteronomy* (sic) are undoubtedly the product of speculative thought and do not derive from cultic reality". p. 53. SELLIN, E. und FOHRER, G. 1965. Einleitung in das Alte Testament. Heidelberg, Quelle & Meyer. par. 19.1–2 „Man erzählt von den Gestalten der „Väter“ als geschichtlichen Erscheinungen um des „Gottes der Väter“ bzw. der Götter dieser Väter willen“. „Mit der Überlieferung über Mose verhält es sich grundsätzlich nicht anders mit den Patriarchenüberlieferungen“, p. 134.

25. Vgl. WESTERMANN, C. 1960. Grundformen Prophetischer Rede. München, Kaiser Verlag. p. 25-28. Hy gaan te ver as hy toegeë dat: „die Worte des Amos sind als solche *eben nicht* Revelationen; sie sind nicht revelationes als das dem Amos Offenbarte, sondern sie sind Worte des Boten, und das ist ein wesentlicher Unterschied“, p. 27. Hy stel later dat dit nie móontlik is om te onderskei tussen die woord van DIE HERE en woord van die profeet nie, p. 67. Dit raak dan die gesag. H.H. Schmid noem dit dan ook 'n „Botenformel“ (JENNI, Ernst und WESTERMANN, C. 1971: Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. München.).

26. Die pi. vorm van dabar word 1084 keer in die Ou Testament gebruik en daarvan is Elohim/Jahweh 400 keer die subjek. In die Pentateug kom die sinsnede „waj^edabber Elohim/Jahweh (le'mor)“ 102 keer voor (Gen. 2x; Ex. 16x; Lev. 25x; Num. 46 x en Deut. 3 x). Die versterkte vorm (plus le'mor) kom 90 x voor waarvan 79 keer die inleiding tot 'n wettiese bepaling vorm. Die reëlmatige voorkoming van dieselfde sinsnede by die wettiese bepalings bevestig die vermoede dat dit as terminus technicus gebruik is en meesal uit die s.g. „P bron of strata“ (95 keer uit die 102 keer). Jahweh is 98 keer subjek van waj^edabber.

27. Die subjek is hier Elohim (in die Pentateug kom dit net 4 keer voor). Gen. 8:15 en 17:3 raak nie wette nie en Ex. 6:1 (M.T. 6:2) is in historiese verband (die roeping van Moses).

28. Verder net in II Kon. 21:10 (historiese stof).

29. Sinne waarin dibber (pi. Perf.) plus subj. Elohim/Jahweh voorkom beloop 59. Dibber kom gewoonweg in die historiese beskrywinge voor (50x); 4 x lui dit 'n vermaning of bemoediging in (Deut. 4:15; 16:19; 13:5 (M.T. 13:6) en 15:6) en 5 x lui dit 'n bepalingsafkondiging in (Lev. 10:3, 11 Deut. 5:4; 5:22 ('n Mss 5:19) en 18:2). So is dibber nie tipies van enige bron of strata nie (by P 20x; J(J', N, L) en E 14x en in Deut. 25 x).

30. Die LXX het in Ex. 9:35 alleen toi Mousei (1^e mošć).

31. Hier word sekerlik nie bedoel om 'n wig in te drywe tussen God se eie woorde en die woord van Moses nie. Die woord van Moses is *ook* geïnspireerde woord maar het anders tot Moses gekom. „Deze punten van verschil moeten worden verklaard uit verschil in inspiratie. Toen Moses de Wet herhaalde, heeft God hem andere woorde ingegeven dan Hij sprak, toen hij zelf de Wet gaf op den Sinai”. GISPEN, W.H. 1939. Het boek Exodus, II, Kampen, Kok. p. 62.

32. Vgl. GERLEMAN, G. (*In* Jenni Ernst und Westermann, C. 1971. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament, München). (*In* Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament. Vierter Band. Stuttgart, Kohlhammer en Koehler, L.H. und Baumgartner, W. 1958. *red.* Lexicon in veteris testamenti libros. Leiden, Brill.)

33. Vgl. GERLEMAN, G. (*In* Jenni, Ernst und Westermann, D. 1971. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. p. 439a).

34. PROCKSCH, O. (*In* Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament. Vierter band. Stuttgart, Kohlhammer).

35. Dit word so gestel om die teenoorgestelde wel af te wys, maar nooit te verkleineer nie. Daar kon 'n presiese weergawe wees van die eie woorde van Jahweh, maar dit hoef nie 'n absoluut suiwere weergawe van die gesproke woord te wees nie.

36. STAMM, J.J. 1962. Der Dekalog in Lichte der heueren Forschung. Bern und Stuttgart, Haupt; Der Dekalog p. 7. e.v. STAMM, J.J. and ANDREWS, M.E., 1967. The ten commandments in new research; studies in biblical theology. London. p. 13. e.v.

37. AALDERS, G. Ch. 1952. Oud-Testamentische Kanoniek. Kampen, Kok. p. 92.

38. RIDDERBOS, J. 1950. Het boek Deuteronomium. Kampen, Kok.

39. 'n Joodse rabbi het eens beweer dat DIE HERE wel op dieselfde tyd en plek in dieselfde sin, twee dinge tegelyk kan sê.

40. HOLWERDA, B. 1972. ontken dit: „maar we menen te hebben aange-toond, dat Deut. XII geen cultuscentralisatie gebiedt, doch eenvoudig para-

enetisch de altaarwet van Ex. XX 24 uiteenzet en accent geeft". Oudtestamentische voordrachten, II Bijzondere Canoniek. Kampen, Kok, p. 346. Andere wat dit bestry is Martin Kegel, Theodor Oestreicher, Willy Starck, Adam C. Welch e.a. (Kyk AALDERS, G.Ch. 1952. Oud-Testamentiese kanoniek, Kampen, Kok. p. 78, maar algemene navolging bly tog uit. (Vgl. ook RIDDERBOS, Nic H. 1970. Inleiding in de Tora; Klasdiktaat. p. 56).

41. Vgl. SELLING, E. und FOHRER, G. 1965. Einleitung in das Alte Testament, Heidelberg, Quelle. Meyer. p. 126 par. 18.2c.

42. Vs. 1 vorm die algemene inleiding tot die bepalinge in Ex. 25:1 tot 31:18.

43. Ex. 19:19 dui Moses aan as 'n gesagvolle en betroubare getuie: „Kyk, Ek sal in 'n dik wolk na jou toe kom, dat die volk kan hoor as Ek met jou spreek, en hulle ook vir altyd aan jou kan glo". Ook Josua sou later aanvullings tot die tora aanbring (Jos. 24:26), maar dit is meer die beloftes waarin die volk trou belowe het en ander seremonies wat daarmee gepaard gegaan het, wat bygevoeg is. (Vgl. KEIL, K.F. und DELITZSCH, F. 1861. Genesis und Exodes. (Biblischer Commentaar über die Bücher Moses, bd. 1, Leipzig, Dörffling und Francke).

44. KOOLE, J.L. 1946. De Tien Geboden. Baarn, Bosch & Keuning, N.V., p. 15; YOUNG, E.J. 1969. An introduction to the Old Testament. Grand Rapids, Eerdmans. p. 69.

45. AALDERS, G.Ch. 1952. Oud-Testamentiese kanoniek. Kampen, Kok, p. 120 e.v. YOUNG, Edward, J. 1969. An introduction to the Old Testament. Grand Rapids, Michigan, Eerdmans. p. 45: „When we affirm that Moses wrote, or that he was the author of, the Pentateuch, we do not mean that he himself necessarily wrote every word".

46. Vgl. RIDDERBOS, Nic H. 1970. Inleiding in de Tora; klasdiktaat. p. 29-30.

47. Vgl. Hier die verskillende voorgestelde kortere vorme in STAMM, J.J. 1962. Der Dekalog. Bern und Stuttgart, Haupt. p. 11 e.v. en NIELSEN, Edward, 1968. The ten commandments in new perspective. London, S.C.M. (Studies in biblical theology, 2nd ser., 7) p. 78. Oorspronklik, Die Zehn Gebote: eine traditionsgeschichtliche skizze, Copenhagen, 1965.

48. STAMM, J.J. 1962. Der Dekalog. Bern und Stuttgart, Haupt. p. 14 e.v.

49. MENDELHALL, G.E. 1955. Law and Covenant in Israel and ancient Near East. Pittsburgh, Pa., Biblical Colloquium.
50. WEINFELD, op. cit., p. 184 e.v.
51. STAMM, J.J. 1962. Der Dekalog. Bern und Stuttgart, Haupt. p. 36.
52. AALDERS, G.Ch. 1952. Oud-Testamentische kanoniek. Kampen, K Kok. p. 138. HARRISON, R.K. 1970. Introduction to the Old Testament. London. p. 54; RIDDERBOS, Nic H. 1970. Inleiding in de Tora, klasdikaat. p. 62.
53. KUYPER, A. 1909. Encyclopaedie der Heilige Godsgeleerdheid. Kampen, Kok. 3:56
54. THOMPSON, R.J. 1970. Moses and the law in a century of criticism since Graf. Leiden, Brill. p. 163. Hy praat van 'n 90 persent wat nog onder die invloed van die bronnehipitese staan.
55. HARRISON, R.K. 1970. Introduction to the Old Testament. London, Tyndale. p. 532. „The present writer can only speak for himself and expressing the earnest hope that the scholarly world will not have to endure yet another supposedly “scientific” hypothesis that purports to explain the origins of Old Testament literature.
56. SELLIN, E, und FOHRER, G. 1965. Einleitung in das Alte Testament. Heidelberg, Quelle & Meyer. p. 120. „Trotz treffender Beobachtungen und Bemerkungen im einzelnen tragen diese Auffassungen zur Beantwortung der Frage nach der Entstehung des Pentateuchs nichts bei“.
57. HARRISON, R.K. 1970. Introduction to the Old Testament. London, Tyndale. p. 537.